

Gasvryheid is Christus se aanraking

Gasvryheid is Christus se glimlag, sy aanraking. Sy liefde vir ons straal uit ons vriendelikheid en gasvryheid teenoor ons medegelowiges.

God het in Christus ons baie lief (Joh 3:16; 1 Joh 3:16). Jesus het ons liever gehad as Homself (vgl. Fil 2:3-8) en sy lewe vir ons prysgegee. Sy liefdesoffer maak ons God se geliefdes. Hy het ons oorlaai met onverdiende hartlikheid: genade. Sy onbaatsugtige liefde is in ons harte uitgestort. As God se geliefde kinders kan ons nou uit sy liefde leef.

3 Johannes roep ons op tot navolging van Christus deur gasvryheid. Ons moet bekende en onbekende gelowiges vurig en onbaatsugtig liefhê deur hulle hartlik te ontvang en te bedien. As geliefdes kan ons nie genoeg doen vir (besoekende) predikers en ander padkruisers nie. 'n Slaapplek, 'n ete, saamkuier, opreg luister, saambid, mekaar bemoedig is die werk van Christus. Elke dag, elke Sondag trek hierdie dikwels ongevraagde liefde God se kinders nader en lok dit onbekeerdes. 'n Toebroodjie of twee, bietjie sop, 'n glas water, 'n werkseleentheid, 'n besoek aan 'n gevangene of iemand in die hospitaal maak ander se harte vuurwarm-bly. Christus se liefde word sigbaar in opregte vriendelikheid en gasvryheid teenoor medegelowiges. Gasvryheid kos dikwels so min, maar werk deur in 'n opregte glimlag of 'n traan, 'n handdruk, 'n drukkie of 'n broederlike of susterlike soen. Hierdie toepaslike aanraking van Christus bly ons altyd by.

Verlose en geliefde kind van God: God het jou in Christus sy kind gemaak. Hy het jou oorlaai met vriendelikheid, gasvryheid en onbaatsugtige liefde. Jy is welkom in sy hart, huis en huisgesin. Nooi nou ander jou hart, huis en gemeente binne met jou spontane vriendelikheid en gasvryheid. En onthou jy doen dit nie net aan mense nie, maar veral aan Christus en God (Mark 9:37; Matt 25:40). Is dit hoe jou en my lewe lyk? Ervaar medegelowiges Christus se liefde deur jou opregte vriendelikheid en gasvryheid? Kan elke predikant, ouderling, diaken en medegelowige dit oor jou en my getuig? Is elke gelowige welkom in jou hart en in jou huis?

Sing: Psalm 119:1 & Psalm 128:1 (1936)

Ds GJ van Wyk (Rustenburg)